Tygerberg

Internasionale / International Eisteddfod

ALGEMENE INLIGTING

INSKRYWINGSGELDE

ENKEL – R80
DUETTE – R160
TRIO'S – R240
KWARTETTE – R320
ENSEMBLES / KLEIN GROEPE / GROOT GROEPE – R385
SPREEKKORE / TONEELFEES / KINDERORKESTE – R385
KORE / ORKESTE – R750

DANS SOLO'S – R100
DANS DUETTE – R200
DANS TRIO'S – R300
DANS KWARTETTE – R400
DANS KLEIN GROEPE – R450
DANS GROOT GROEPE – R500

* * *

AFFILIASIEGELDE

R500 per jaar vir skole – elektroniese weergawe van sillabus en rooster ingesluit
R370 per jaar vir privaatinstansies – elektroniese weergawe van sillabus en rooster ingesluit

SILLABUS – R180
ROOSTER – R180
Borg van bladsy in sillabus R700

BANKBESONDERHEDE VIR INTERNET BETALINGS

Naam van bank: Standard Bank
Naam van rekening: Tygerberg Eisteddfod
Tak: Tyger Manor
Takkode: 051001
Rekeningnommer: 071348190

SERTIFIKATE

Meriete: 60% - 69%
Eervolle Vermelding: 70% - 79%
Lof: 80% - 89%
Hoogste Lof: 90%+

ALGEMENE REËLS



INSKRYWINGS

1. Daar is geen beperkings op die hoeveelheid inskrywings wat toegelaat word per inskrywingsklas nie.
2. Die Tygerberg Internasionale Eisteddfod verwelkom deelnemers op plaaslike, nasionale en internasionale vlak. Die bestuur behou homself egter die reg voor om deelname te weier.
3. Waar daar 'n ouderdomsbepaling is, word verstaan dat die deelnemer nog nie die vasgestelde ouderdom op 1 Januarie van die betrokke jaar oorskry het nie.
4. ALLE INSTRUMENTE: Tweede Jaar onderrig afdelings is vir leerders wat in hul 1ste of 2de Jaar van onderrig is.
5. Elke deelnemer word voorsien van 'n genommerde kaartjie wat tydens beoordeling ingehandig moet word.
6. Foutiewe inskrywings kan nie reggestel word nadat die inskrywings bevestig is nie.
7. Sluitingsdatum vir ALLE inskrywings: 18 Maart 2026
8. Geen hoërskoolleerders mag onder die afdeling vir laerskole inskryf óf andersom nie. Laerskoolleerders mag wel in groepsverband in ‘n Hoërskool-afdeling deelneem in die geval dat daar te min hoërskoolleerders is om die groep te voltooi.

DEELNAME

9. ‘n Deelnemer mag slegs ‘n 2 de keer deelneem aan ‘n duet of trio as daar GEEN ander deelnemer is om die duet of trio voltallig te maak nie.
10. Ten opsigte van sang, klavier, blokfluit en voordrag mag 'n deelnemer slegs in sy eie graad [waar dit volgens grade ingedeel is] en in sy eie ouderdomsgroep [waar dit volgens ouderdom ingedeel is] meeding, met die uitsondering van die afdelings in klavier, sang en blokfluit waar daar nie voorsiening gemaak is vir elke ouderdomsgroep nie. In dié geval neem deelnemers in die daaropvolgende ouderdomsgroep deel.
11. Deelnemers wat opdaag nadat die beoordeling van ‘n sessie in aanvang geneem het, sal toegelaat word tot die lokaal tydens ‘n geskikte breek. Deelnemers moet saggies inbeweeg en sitplek inneem sonder steurnis. Wanneer alle deelnemers in die sessie opgetree het sal die rekordklerk vra of daar enige deelnemers laat opgedaag het. Hierdie leerders sal dan hul strokies inhandig en kans gegee word vir optrede.
12. Deelnemers moet 'n kopie van die betrokke stuk wat aangebied word aan die beoordelaars oorhandig tydens optrede.
13. Voorgeskrewe werke in enige afdeling mag nie in dieselfde jaar as 'n eie keuse werk aangebied word nie.
14. Deelnemers mag in skooldrag tydens beoordeling optree, maar dit is nie verpligtend nie.
15. Geen deelnemer mag in enige afdeling 'n stuk of werk waarvoor hy of sy by 'n vorige optrede by die Tygerberg Internasionale Eisteddfod 'n toekenning ontvang het, weer aanbied nie.
16. ‘n Persoon wat as rekordklerk diens doen, mag nie ‘n deelnemer begelei (bv. sang, blokfluit, klarinet, viool) tydens sy diensperiode nie.
17. Kuns / Keramiek & Beeldhou / Fotografie: Neem kennis van die spesifieke voorskrifte vir verpakking en aflewering onder die betrokke afdelings. Geen werke sal beoordeel word sonder ‘n deelnemerskaartjie nie.

TOEKENNINGS

18. Die beslissing van die beoordelaars is finaal en geen gesprek of korrespondensie sal daaroor gevoer word nie. Geen versoeke vir her-beoordeling sal hanteer word nie.
19. Sertifikate word toegeken vir Meriete (60 - 69%), Eervolle vermelding (70 - 79%), Lof (80 - 89%), Hoogste lof (90% en meer).
    Vir solo, duet, trio en kwartet inskrywings ontvang elke deelnemer 'n sertifikaat.
    Slegs 1 sertifikaat word egter toegeken aan groepinskrywings.
20. Die toekenning van 'n trofee word alleenlik gemaak indien die vereiste standaard (nl. 90%) deur 'n deelnemer behaal is.
    Vir solo, duet, trio en kwartet toekennings word 'n trofee aan elke wenner toegeken.
    Slegs een trofee word egter toegeken aan groepinskrywings.
21. Waar deelname in meer as een afdeling 'n vereiste is vir die toekenning van 'n spesiale toekenning óf trofee, moet die deelnemer 'n gemiddeld van 85% behaal en in ten minste een van die afdelings 90% behaal om vir die trofee te kwalifiseer.
22. Om in aanmerking te kom vir 'n spesiale toekenning of kontantprys, moet deelnemers let op die verskillende vereistes soos uiteengesit in die sillabus.

ALGEMEEN

23. Geen persoon, behalwe personeel in diens van die Tygerberg Internasionale Eisteddfod, sal toegelaat word om met die beoordelaars onmiddellik voor of gedurende beoordeling in gesprek te tree nie. Verwys enige gesprekke na die rekordklerk aan diens.
24. Pryswenners kan gevra word om sonder vergoeding aan die prestigekonsert deel te neem.
25. Dit is soms onvermydelik dat oorvleueling tydens die periode van beoordeling voorkom, m.a.w. die deelnemer moet gelyktydig by twee verskillende afdelings aanmeld. In sulke gevalle sal 'n toegewing gemaak word dat die deelnemer vroeër of later by die tweede punt kan aanmeld, selfs op 'n ander dag maar alleenlik as dit dieselfde beoordelaar en afdeling is.
26. Verskuiwingsversoeke sal slegs oorweeg word as die versoek deur die geaffilieerde instansie se skakelopvoeder gerig word, met die amptelike TIE verskuiwingsversoek dokument. (Sillabus op bladsy 14 of laai die dokument van ons webwerf af onder die "FORMS" afdeling.) Stuur asb die voltooide dokument aan die betrokke sameroeper sowel as die TIE Administratiewe bestuurder (eisted@iafrica.com) via epos.
27. Tydsbeperkings [*sien* tydsbeperkings onder onderskeie afdelings] waar van toepassing, moet stiptelik nagekom word. Indien nie, sal deelnemers volgens onderstaande skaal gepenaliseer word:
    Oorskryding met 1-2 minute: -2%
    Oorskryding met 2-3 minute: -3%
    Oorskryding met 3-4 minute: -4%
    Oorskryding met 4-5 minute: -5%
    Oorskryding meer as 5 minute: Optrede sal gestop word en deelnemer sal gediskwalifiseer word
28. Kore:sal volgens onderstaande skaal gepenaliseer word:
    Oorskryding met 1 minuut (of gedeelte daarvan) - grasie, volgens oordeel van tydhouer
    Oorskryding met 1-2 minute: - 2%
    Oorskryding met 2-3 minute: - 4%
    Oorskryding met 3-4 minute: - 8%
    Oorskryding meer as 5 minute: Koor sal gestop en gediskwalifiseer word
29. Deelname onder verkeerde afdeling of die aanbied van verkeerde werke onder 'n afdeling sal met 10 persentasie punte gepenaliseer word. (Sien voorskrifte onder onderskeie afdelings.)